# BOEKBESPREKING.

JOACHIM KONRAD, *Gott oder Dämon — Verkündigung in das Schicksal und in die Entscheidung unserer heutigen Welt*, 4 Bde., C. Bertelsmann Verlag, Gütersloh 1950-1951.

JOACHIM KONRAD, professor aan die Universiteit van Münster, skryf hierdie vier boekdeeltjies van gemiddeld 105 bladsye elk, *in* en *vanuit* die na-oorlogse krisissituasie van Weseuropa. Maar hy doen dit nie sonder om ook Amerika en die Ooste daarby te betrek, én

sonder om terug te gaan op die historiese en geestelike wortels van hierdie ontworteling van die westerse wêreld nie.

Vir hom het die westerse wêreld geword tot 'n stukkendgeslaande, God-lose en goddelose wêreld — tot 'n *demoniese* warboel van ontkerstende en onchristelike stelsels van filosofie, ideologie en staat; van politieke, ekonomiese en maatskaplike twis en ongeregtigheid.

Die enigste uitweg (Bd. II, S. 8) (óf beter gesê: die enigste uitredding) uit hierdie krisissituasie is volgens KONRAD die aktuele prediking van die Koninkryk van die Hemele in al sy konkreetheid en realiteit.

Vir die westerse wêreld is daar alleen twee weë, alleen die óf-óf van *Gott oder Dämon*, óf God óf die demoniese.

Band I: *Apokalytische Weltzeit. Sieben Reden wieder die Gottlosigkeit. Vom Sündenfall des Geistes.* 127 *S.*

Gott redet in Weltzeichen und nicht nur in Buchzeichen . . . (S. 17) . . . und die Zeichen der Zeit stehen auf Sturm und deuten auf das Ende. (S. 16). Die voorhandewees van die eind-tyd en eind-gerig maak dit so dringend om aktueel-predikend heen te wys op bg. kruispad van beslissing tussen óf God óf die demoniese. Deur die arbeid van sy gees het die mens vir hom 'n toring van Babel gebou waarmee hy wil opklim na die hemel toe. Hy wou en wil die hemel bv. bereik deur die geloof in ontwikkeling en vooruitgang (Fortschritt) i.p.v. in die geloof in God; deur wêreldbeskouinge i.p.v. in geloof en godsvrug; deur aardse koninkryke (wat Anti-christelik is) i.p.v. deur te verlang na die Koninkryk-van-die-Hemele. Teenoor hierdie sondeval en hoogmoed van die mens se gees, predik KONRAD die koms van Sy Ryk, die feit dat Hy die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde is. In hierdie eindtyd moet ons terugkeer na Hom, die Begin en Oorsprong van ons lewe.

Band II: *Vom Ende der Moral und Gottes Gebot* (84 *S.*)

Waar die eerste band die God-loosheid van die moderne geesteslewe in die apokalyptiese situasie van vandag sigbaar laat word het, handel die tweede deeltjie oor die leegheid, sinloosheid, kragteloosheid en verwarring van die gesekulariseerde moraal wat rus op die basis van „Vernünftigkeit". Daardeur het die hedendaagse wetteloosheid, die opstand teen alle buite-menslike outoriteit, die trouelosheid in die huwelik ens., ontstaan. Hierteenoor word die gebod van die Here God gestel wat VANDAG NOG *leef* en *beveel* gestel. Teenoor die angs-vir-die-Niks in hierdie sedelike vakuum, word heengewys op die vrees-van-die-Here as die enigste sedelike krag.

Band III: *Das Thema Mensch. Reden an die Berufen.* (127 S.).

Wat die mens werklik is, sê KONRAD, kan die wetenskap of filosofie ons nie sê nie, omdat hulle die mens vanuit die wêreld én vanuit die mens self (vanuit sy eie moontlikhede en grense) probeer verstaan. Alleen die prediking kan i.v.m. die mens en áán die mens iets wesenliks

en beslissends sê, omdat dit die mens vanuit sy binding aan God, vanuit Sy openbaring verstaan. Die prediking praat egter nie *abstrak* oor die *wese* van die mens nie, maar spreek die mens aan in sy *konkrete* situasie, ook in sy *beroep*, sy alledaagse werk. Aan die arbeider (aan hulle wat moeg gebuk gaan onder die swaar las van hulle daaglikse werk, wat veronreg en verdruk word, wat moeg is vir leë woorde en beloftes) word die Woord en Beloftes van die *getroue* God wat sy Woord en Belofte getrou hou, gebring; ook aan die burger, die boer, die besigheidsman, die staatsman en die kunstenaar — aan elkeen in sy besondere situasie.

Band IV: *Von Krieg und Frieden.* 83 S.

Hierdie selfde Woord word hier (in sy twee gestaltes van gerig en genade) ook ingebring in die verwarring en nood van die huidige politieke situasie. Die christelike Gods-diens is geen private aangeleentheid nie, maar die blye-boodskap is tegelykertyd 'n aktuele boodskap aan die wyer kring van die volkere.

*Opmerkinge*: Wie iets wil weet van die worsteling van die naoorlogse weseuropese mens met 'n verwarrende hoeveelheid probleme (en wie wil sien met watter dringendheid christene hulle inspan om temidde van die verwarrende menigte van mensewoorde die Woord van God in al sy konkreetheid en effektiwiteit te bring) sal dit seer sekerlik by KONRAD vind.

Ongelukkig is hierdie werk baie fyn gedruk en soms onduidelik. Wat die inhoud betref, vra 'n mens jou af of die skrywer nie deur sy strewe na aktualiteit baie keer alleen maar dinge opnoem en sodoende nie die grond en die kern raak nie. Sy werk maak meer as eenkeer die indruk van teologiese joernalistiek i.p.v. prediking wat gerugsteun word deur grondige teologiese besinning. Hy vind dit 'n leemte dat die Kerk in eerste instansie sig bekommer oor „die Reinheit der biblischen Lehre" (Bd. I, S. 14) en sodoende die waarheid „hinter Doktrinen versteckt hält." (Bd. I, S. 7). Aktuele prediking? Ja, seker! Maar tog kan ons nie met KONRAD saamstem dat ons terwille daarvan nie éérs, en tegelykertyd daarmee, grondig teologies moet besin nie. Dit wil meer as eenkeer voorkom asof KONRAD te pessimisties is (en pessimisme is nog geen ware sondebesef nie). Hy vereenselwig sommer goedsmoeds *vandag* met die „gegenwärtige Aeon" (asof dit nog nooit tevore bestaan het nie!) en meen dat vandag baie goddeloser is as ooit tevore. Daarom laat hy dan ook die ou leerstellinge en dogmata los, as synde nie aktueel genoeg nie. Wie egter nie deur die huidige nood te kortsigtig geraak het nie, sal egter weet dat ook daar-en-toe met dieselfde probleme geworstel is, en dat die ou „Doktrinen" beslis ook vir vandag aktualiteit besit.

B. J. ENGELBRECHT.

DR. A. VAN SELMS, *Wie achter is moet voorgaan. Over de Nederlandse Geloofsbelijdenis.* Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage 1951, 58 blz.

Van die boek van J. KOOPMANS oor die Nederlandse Geloofsbelydenis sê VAN SELMS: „Er zijn er wel groter en geleerder (boeken) maar geen schoner of dieper." Die boek van VAN SELMS is ook een van hierdie klein en tog kostelike werkies oor hierdie selfde geloofsbelydenis. Ons beveel dit met graagte aan.

Die skrywer volg hierin 'n, op-die-oog-af, eienaardige *metode*. Maar hy doen dit nie sonder grond nie, en ook nie sonder wins nie. Hy behandel nl. hierdie belangrike belydenisskrif van ons Kerk van agter af na vorentoe. Die histories-letterkundige rede daarvoor (dat hy begin met die behandeling van Art. 37 en eindig by Art. 1) is nl. dat die opsteller van die Nederl. Geloofsbelydenis „zich in de eerste artikelen nog niet geheel losgeschreven heeft van de middeleeuwse, Roomse, scholastiek." Vanuit die laaste, beslissende en meer-reformatoriese gedeelte wil VAN SELMS die geheel verstaan (p. 5, 6).

Maar deur hierdie omgekeerde behandelingsmetode tree tegelykertyd ook een van die belangrikste en tog kostelikste karaktertrekke van hierdie boekie na vore nl. die *spel-karakter* daarvan. Die hele werkie is vol van spel en kinderlied.

Die eerste vraag wat na vore tree, is of 'n mens dan mag speel met so 'n ou, eerbiedwaardige en lewensbelangrike belydenisskrif van ons Kerk? Hierop gee die boekie van VAN SELMS in sy geheel antwoord: Deur die spel blyk dit dat die Nederl. Geloofsbelydenis weer nuwe lewe kry en opnuut leesbaar word — weer aktueel word, soos dit ook moet.

Die teoloog *moet* 'n seker pastorale plooibaarheid besit, 'n sekere spelende erns. Ook die belydenis is nie vir die veiligheid van die brandkas gemaak nie, maar moet gedurig weer opnuut in die branding van die praktyk van die prediking te staan kom. VAN SELMS het dit weer met die Nederl. Geloosfbelydenis gedoen. Ons is bly daaroor. Ons weet dat hierdie spel „ernstig spel" is (p. 7). Hierin is 'n sekere aktualiteit en prikkelende duidelikheid geleë. Dit is 'n groot wins.

'n Tweede vraag is, of die Nederl. Geloofsbelydenis nie die vaste grondigheid van sy sistematiese opbou verloor, as ons dit (soos die skrywer doen) gaan omkeer nie? Ja, dit gebeur wel! Maar so wil die skrywer dit ook hê. So is dit ook goed. „Op deze manier komt alles in de lucht te hangen. Ik antwoord: zo moet het ook zijn. Laat alles gerust in de lucht hangen. Dat doen de engelen ook . . . Al die bouwerij in dogmatiek en ethiek kan ons gemakkelijk in de verkeerde kant laten belanden." (Soos die *eiemagtige* bouery van die stad van Kaïn en die toring van Babel). „Om het maar ronduit te zeggen: geloof is niet zozeer bouwen van onder op, als wel vastgehouden worden van boven af." (p. 48-49).

Prof. Dr. G. C. BERKOUWER het, in die „*Gereformeerd Weekblad*" (7e jaarg., p. 265-266, 273-274 en 281-282) in sy artikelreeks, „Spel in de Dogmatiek", beswaar gemaak en kritiek gelewer teen bg. metode, spel-karakter én teen bo-gesiteerde gedeelte uit „*Wie achter is moet voorgaan.*" Hy warsku nl. teen die „gevaar, dat het in de dogmatiek komt tot een zeker *spel*, tot een ietwat luchthartige wijze van dogmatiseren . . . betogen die op de eerste gezicht indruk maken . . . die bij nadere beschouwing niet ten volle serieus blijken te zijn . . . die langzamerhand worden doorzien." (p. 265). Dit is 'n spreekwyse waarin „men dit spel gebruikt om bepaalde ideeën te lanceren." (p. 273). By „het nader bekijken" van bg. sitaat uit VAN SELMS, meen BERKOUWER te ontdek dat vir VAN SELMS „een fundament een nog al gevaarlijk iets" is in „geestelike" sake. Daar is, volgens die kritikus, vir VAN SELMS „geen erger iets dan een „fundamentalist" te zijn." VAN SELMS, sê hy, noem net die bouery van Kaïn en Babel; maar die Heilige Skrif spreek tog van die man wat sy huis op rots gebou het, spreek van Paulus as 'n „wyse boumeester", spreek van bou in die geloof en van Jesus Christus as die „enigste fundament". As ons dus, sê BERKOUWER, „de woorden van VAN SELMS nader bekijken, blijft er feitelijk maar heel weinig zinvols meer van over" . . . blyk dit „dat zulk een spreken niet verantwoord is . . . " (p. 273).

Graag stem ons met BERKOUWER saam wanneer hy praat oor wat die Bybel oor die bou sê. Ons waardeer ook die erns en simpatie waarmee hy (bv. die begin van sy derde artikel) die drie Nederl. teoloë bespreek. Dit is verder ook nie ons bedoeling om Prof. VAN SELMS hier te wil verdedig nie. Die vraag is egter of BERKOUWER *reg laat geskied aan die boek hier onder bespreking.* Ons insiens gebeur dit nie. Ons het alreeds op die wins aan aktualiteit asook die histories-letterkundige grond vir VAN SELMS se metode aangetoon. En nou is dit waar dat VAN SELMS alleen maar op die bouery van Kaïn en Babel wys en dan praat oor die „bouwerij in dogmatiek en ethiek." Maar hy het hiermee 'n bedoeling. Hy waarsku hier nl. teen *alle eiemagtige menslike bouery*, ook in die geloof én in die besinning oor die geloofsbelydenis, d.w.s. in die dogmatiek. Uitdruklik voeg hy aan Kaïn en Babel toe: „geloof is niet zozeer bouwen van onder op, als wel vastgehouden worden van boven af." Die sin is duidelik. Ons moet nie die geloof (en die besinning oor die geloof en belydenis — Dogmatiek) probeer inpers in *ons* eiemagtige sisteem nie; hierdie dinge moet eerder *gedra* wees *van Bo af*. So gesien is dit wel verantwoorde spreke en bly daar wel veel sinvols oor. Ons glo nie dat BERKOUWER reg het as hy sê dat ons in die „*leiding* en *voorlichting* van de gemeente . . . Kaïn en Babel . . . liever buiten houden." (p. 273). Die Bybel hou ook nie Kaïn en Babel buite nie, en die wyse waarop VAN SELMS hierdie bybelse getuienis hier as waarskuwing gebruik, vind ons wel goed — soos trouens ook sy hele boek.

Ons het hier alreeds lank gespreek oor 'n klein werkie. Daar bly nog 'n paar kritiese vrae oor, maar juis met hierdie lang bespreking wil ons uitdrukking gee aan ons waardering van hierdie boekie oor die Nederl. Geloofsbelydenis.

B. J. ENGELBRECHT.

M. NOTH, *Geschichte Israels*, Göttingen, Vandenhoeck und Ruprecht, 1950; viii 395 pp., met bygevoegde kaart; gebind DM19,80.

Hierdie nuutste geskiedenis van die Godsvolk onderskei hom in baie opsigte van sy voorgangers. Oor die ontwikkeling van die begrip „Geskiedenis van Israel" deur die eeue heen of ook maar net gedurende die laaste honderd jaar sou 'n interessante opstel geskryf kan word. Daar is 'n lang afstand tussen 'n Bybels-teologiese konsepsie soos in AUGUSTINUS se *Godsstaat*, boek XV-XVIII, en 'n profaan-pragmatiese geskiedverhaal soos EWALD honderd jaar gelede gebied het; amper dieselfde afstand is egter ook aanwesig tussen die laasgenoemde werk en die studie van NOTH.

Die verskil lê in die laaste geval nie soseer in die prinsipiële onderstellings nie as wel in die historiese metode self. Die fenomenale vermeerdering van ons kennis omtrent die ou Oosterse geskiedenis voor en tydens die tydperk waarvan die Bybel ons verhaal maak dit onmoontlik om Israel as 'n geïsoleerde grootheid te behandel. In sy sosiale en politieke geskiedenis maak Israel een deel uit met die hele nabye Ooste. Voorspoed en teenspoed in die koningstyd was afhanklik van die staatkundige konstellasie in Voor Asië en Egipte.

Daarby kom dan die resultate van die ondersoekings van die Palestynse bodem. Hoewel hulle uiters selde 'n werklike sensasie opgelewer het — met uitsandering natuurlik van die Dooie See manuskripte — het deur die geduldige arbeid van die laaste halwe eeu so 'n belangrike hoeveelheid kleinighede aan die lig gekom, dat dit op sigself reeds genoeg sou wees om 'n heeltemal nuwe geskiedenis van Israel te skrywe.

Hierdie twee terreine van wetenskaplike ondersoek lewer onweerspreeklike feite op. Anders staan dit helaas nog altyd met die resultate van die literêr-historiese ondersoek van die boeke van die O.T. Aangaande die tydstip van ontstaan, saamstelling en geskiedkundige betroubaarheid van die O.T.-iese geskrifte bestaan daar nog altyd geen algemene ooreenstemming nie. Hier het die historikus nie altyd 'n vaste voet nie. Wel bestaan daar teenwoordig, veral op grond van die resultate van die twee ander studievelde, die neiging om die historiese waarde van die A.T. heel wat hoër te skat as wat vroeër dikwels gedoen is, maar by die verwerking vandie O.T.-iese gegewens speel persoonlike voorkeur en smaak, gevoeg by wysgerige of godsdienstige oortuigings, 'n belangrike rol. Ons kan dit ook opmerk by die werk van

Noth, wat ons lankal moes bespreek, die nuutste samevatting van ons kennis omtrent daardie merkwaardigste volk wat die wêreld ken. Dit behandel die geskiedenis van die intog in Kanaän tot die mislukking van die opstand van Barkochba in 135 na Chr. Die manier waarop die geskiedenis van Israel in die grotere verband van die voor-Asiatiese politieke en maatskaplike ontwikkeling gebring is, mag voorbeeldig genoem word. Tiperend is in hierdie verband dat die derde deel, wat die periode van kort na die sogenaamde ryksplitsing tot die opstand van die Makkabeërs behandel, die titel dra *„Israel unter der Herrschaft altorientalischer Grossmächte."* Hier het die skrywer definitief gebreek met die fiksie as sou Israel in die negende en volgende eeue nog 'n selfstandige buitenlandse politiek gevoer het. In werklikheid moet ons agtereenvolgens van 'n Aramese, Assiriese, Babiloniese, Persiese en Griekse tydvak spreek.

Ook die ondersoek van Palestina bo en onder die grond kom ten volle tot sy reg. Die skrywer maak veral 'n nuttige gebruik van die resultate van die territoriale geskiedenis, soos dit in die skool van Alt nie die minste deur homself in 'n reeks van studies behandel is. Daardeur kom 'n hele aantal gebeurtenisse in 'n duideliker lig te staan, en kry skynbaar onbelangrike mededelings uit die O.T. 'n uiters opmerklike reliëf.

Maar baie lesers sal beswaar maak teen die manier waarop die oorlewerings, wat in die O.T. te boek gestel word, hier verwerk word. Ons moet vooropstel dat die skrywer nie willekeurig te werk gaan nie. Voordat hy hierdie geskiedenis van Israel die lig laat sien het, het hy eers in sy *„Ueberlieferungsgeschichtliche Studien I"* (1943) en sy *„Ueberlieferungsgeschichte des Pentateuch"* (1948) rekenskap van sy letterkundige metodes afgelê. 'n Grondige kritiek van sy geskiedvoorstelling behoort daardie twee werke, so goed as sy kommentaar op die boek *Josua* (1938) mee in aanmerking te neem.

Dis hier nie die plek om so 'n kritiek te lewer nie. Dit sou heel wat meer plaasruimte verg as wat 'n tydskrif kan afstaan. Daarom moet die resensent volstaan met as sy samevattend indruk dit uit te spreek, dat Noth partymaal teveel vertroue in die resultate van sy literêr-historiese arbeid het, en te min in die berigte wat die O.T. soos dit nou is ons bied. Dis nie sonder bedenking as 'n skrywer oor die geskiedenis van Israel sy eie studies amper meer siteer as die teks van die O.T. self nie.

Die gevolge van hierdie metode blyk veral by die behandeling van die oudste tydperk. Soos ons gesien het begin die boek met die ondersoek na die besetting van Kanaän deur die Israeliete. Wat daaraan voorafgaan, die woestyntog, die bevryding uit Egipte, die aartsvadergeskiedenisse, word eers in 'n latere hoofstuk onder die titel *„Die Traditionen des sakralen Zwölfstämmebundes"* behandel. Die resultaat van sy „ueberlieferungsgeschichteliche" (so 'n woord is alleen

in die Duits bestaanbaar!) ondersoek op hierdie gebied is, dat ons prakties geen enkele sekerheid daaromtrent besit nie.

Dit laat mens onwillekeurig dink aan KUENEN se revolusionêre daad om sy *„De godsdienst van Israel tot den ondergang van den Joodschen staat"* (1869) te begin met 'n skets van die godsdienstige toestand van Israel in die agste eeu. Uit die *„Levensbericht van Abraham Kuenen"* deur W. VAN DER VLUGT (1893) weet ons dat dit slegs die aanmoediging van Mev. KUENEN was, wat die grootmeester van die negentiende eeu daartoe gebring het, sy skroom hierin te oorwin: „Als ge dien opzet waarlijk voor den besten houdt," so moet sy vir hom gesê het, „doe het dan zoo."

Die agtergrond van KUENEN se opset was sy oortuiging omtrent die datering en samestelling van die Pentateuch. Dieselfde faktore het ook by NOTH gewerk. Maar tog is die verskil opmerklik: KUENEN het geen sekerheid voor die agste eeu gevind nie, NOTH reken dat die geskiedenis van die twaalfde eeu af in groot trekke agterhaalbaar is. Dit is reeds 'n aansienlike wins. Maar die kans is groot dat later geslagte die uiteenrafeling van die tradisies deur die hand van NOTH nie die laaste woord sal ag nie, en dat hulle meer historiese sekerheid in die verhale oor Moses of Abraham sal aanneem as wat NOTH gedoen het. In die besonder is dit waarskynlik dat die gestalte van Moses skerper omlyn sal word. NOTH ontken 'n samehang tussen die bevryding uit Egipte en die wetgewing op die Sinai. Daarmee hang saam, dat volgens hom daar oorspronklik geen verband tussen Moses en die Sinaigeskiedenis was nie. (p. 118). Volgens die resensent is dit nie moontlik om die eenstemmige uitspraak van die tradisie op so 'n manier te elimineer nie.

Daarom is na die mening van die resensent die hoofstuk wat die voorgeskiedenis van Israel behandel dié wat die meeste kritiek sal uitlok. Dit sou egter jammer wees, as dit tot gevolg sou hê dat die behandeling van die geskiedenis na die jaar 1200 minder aandag sou kry as wat dit verdien. Ons het reeds by besprekings in ander periodieke opgemerk, dat dit die geval sou kan wees. En dit beteken 'n onreg teenoor die skrywer en die boek, wat skatte aan kennis en insig bevat. Veral is waardevol dat die skrywer ook die tydperk tussen die Ou en die Nuwe Testament en die opstande teen die Romeine in die eerste en tweede eeu behandel. Ook in hierdie opsig onderskei die boek hom van sy twee Duitse voorgangers, die werke van KITTEL en SELLIN. Waar die veelsins voortreflike werk van RICIOTTI sowel in sy Italiaanse origineel as in sy Franse vertaling vir die meeste van ons lesers ontoeganklik is, kan ons hulle nie genoeg aanbeveel om die boek van NOTH aan te skaf nie. Alleen al om die behandeling van hierdie twee tydperke is dit vir die teoloog van groot nut. Sowel die Outestamentikus as die Nutestamentikus kan daar met vrug gebruik van maak.

A. VAN SELMS.

*Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete*, 1951/2. Heft 1. Stuttgart, Katholisches Bibelwerk, 196 pp.

Aan hierdie uitgawe het dosente en studente van die Protestantse en van die Rooms-Katolieke fakulteit te Tübingen meegewerk. Sodoende het 'n buitegewoon nuttig werktuig tot hulp van elkeen wat hom met wetenskaplike Bybelstudie besig hou, tot stand gekom. Vir die enkeling is dit onmoontlik om hom op die hoogte te stel van alles wat in allerlei lande en tale op die gebied van die Bybelse wetenskappe verskyn nie, en al gee die uitgewers toe dat met hierdie eerste uitgawe die volmaaktheid nog lang nie bereik is nie, tog sal ieder wat hom met 'n bepaalde Skrifgedeelte besig hou in hierdie werk verwysings vind wat vir sy studie van groot belang kan wees. Vir elke Ou- en Nu-testamentikus is hierdie werk onontbeerlik.

Verskillende steekproewe het ons geleer dat die korte weergawes van die inhoud van vermelde tydskrifartikels as baie betroubaar kan geld. Helaas is die getal drukfoute waar name en titels in 'n voor die setter minder vertroude taal gegee word, groter as wat mens sou wens. Ons eie tydskrif word op p. IX onder nr. 150 vermeld as „Herformde Theologiese Studies", derhalwe met twee foute! So het ons ook op p. XI onder nr. 217 „Nederlands Katholik Stemmen" opgeval. Maar hierdie soort van „kindersiektes" neem niks weg van die feit dat ons hier 'n voortreflike instrument by ons studies ontvang, waarvan ons dankbaar gebruik moet maak.

A. VAN SELMS.

S. U. ZUIDEMA, *Ons gebed*, T. Wever, Franker, 1951. 185 pp.

In 'n „Ten geleide" deel die skrywer mee, dat hierdie boekie ontstaan is tydens sy internering deur die Japanners te Solo op Javo. Mens sou graag wil weet, hoe die skrywer, wat later in ander kampe vertoef het, die handskrif van sy studie kon bewaar. Het hy dit êrens in bewaring gegee, of in die grond begrawe, of deur al die kontroles heen gesmokkel? Die meeste van ons was nie so gelukkig nie.

In ieder geval kan ons met die skrywer bly wees dat die werk nou in die openbaarheid verskyn. Dit is 'n deeglike en tegelyk nie al te tegniese studie van die gebed van die Christen. Die titel is in hierdie verband reeds opmerkilk: *ons* gebed. Die skrywer behandel nie, soos baie ander gedoen het, die gebed in die algemeen nie, maar die gebed soos dit 'n kenmerkende trek van die Reformatorische Christen behoort te wees.

Besonder goed is dit dat hy die gebed, en ook ons gebed, nie van die res van die geloofslewe isoleer nie, maar telkens wys op die relasie tussen geloof en gebed, en ook op die relasie tussen gebed en goeie

werke. Uit 'n oogpunt van sielsorg is veral die volgende opmerking van groot belang: „Wie zijn gebedsleven voeden wil, die moet niet met dat gebedsleven bezig zijn, maar die moet zijn gelóófsleven voeden, en met het Woord Gods werkzaam zijn." (p. 30).

'n Paar polemiese bladsye oor „objectieve en subjectieve gemeenschapsoefening" sou na die oordeel van die resensent wel gemis kan word, netsoos die — in 'n Gereformeerde studie blykbaar obligate — passasie teen Barth (p. 18). Ook is daar op party bladsye 'n voorliefde vir 'n dialek wat buitekant die Nederlandse Gereformeerde kringe nouliks verstaan kan word. In een sin op p. 109 noteer ons die woorde „fontein" (in sy 16de tot 18de eeuse betekenis, nog die Afrikaanse betekenis van die woord), „bondeling" (iemand wat party is in 'n verbond), „ongehouden" (onverplig); en in die daarop volgende sin „vastigheid" i.p.v. hedendaags Nederlands „vastheid".

Op p. 116 het ons 'n vraagteken geset by die sin: „Omdat nu juist in deze „uitgaande" heilswerken Gods voor onze zaligheid de werken des Vaders, des Zoons en des Geestes *uiteengaan* (kursivering van die skrywer), en Vader, Zoon en Geest ieder, naar eeuwig Raadsbesluit, een eigen taak op Zich genomen hebben en met die eigen taak een eigen plaats innemen, daarom bidden wij ook eer tot de Vader, de Zoon en de Heilige Geest elk voor Zivhzelf dan tot die Drieënige God in Zichzelf." Dit lyk haas of die skrywer nie instem met die aloude dogmatise reël *opera externa sunt indivisa* (vgl. *Lig uit Lig*, p. 107-109).

Al lesende het die resensent telkens moet dink aan 'n dag in 1945 toe die skrywer in die aangesig van die dood vir die resensent en honderde lotgenote in die gebed voorgegaan het. Dit sou geen nut hê om hierdie soort van persoonlike herinnerings op te haal nie, as dit nie was dat toe geblyk het dat daar 'n magtige werklikheid agter hierdie boekie staan nie. Die skrywer het inderdaad die reg om oor hierdie onderwerp te skrywe, en hy het dit gedoen op 'n manier waarvoor ons baie dankbaar kan wees. Graag wil ons sy werk by ons Afrikaanse lesers van harte aanbeveel.

A. VAN SELMS.